# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria is een van die voorste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika. Sy nege (9) fakulteite bied 'n wye spektrum van voor- en nagraadse programme aan. Ons is 'n dinamiese gemeenskap van personeel en studente wat verbind is tot uitnemendheid, toepaslikheid, diversiteit en volhoubaarheid.

Die Universiteit van Pretoria nooi hiermee aansoeke vir die volgende vakante pos:

## FAKULTEIT NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE

## PROFESSOR EN DEKAAN (Verw. 21697)

Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe is onder die top wetenskapfakulteite in die land. 'n Beduidende aantal van ons wetenskaplikes word deur die Nasionale Navorsingsstigting (NNS) gegradeer as navorsers met 'n hoë internasionale reputasie (en in sommige gevalle as globale leiers in hulle veld). Dit verseker dat ons nagraadse studente in navorsingsspanne deelneem wat met die beste in die wêreld kan meeding.

Noue samewerking met die bedryf en privaatsektor is 'n prioriteit om te verseker dat ons voldoen aan die veranderende eise van ons aandeelhouers. Ooreenkomste met internasionale universiteite in Afrika en verder maak dit vir navorsingsgroepe moontlik om op groot skaal met internasionale eweknieë in hulle onderskeie velde saam te werk.

Die Fakulteit het sewentien (17) departemente binne die breër velde van landbou, biologiese, wiskundige en fisiese wetenskappe wat gekoppel word aan twintig (20) sentrums, institute en eenhede. Meer as sewe duisend (7000) studente is vir sy akademiese programme geregistreer, waarvan sewentig persent (70%) in voorgraadse programme en dertig persent (30%) in nagraadse programme is.

Die Universiteit wil 'n dinamiese Dekaan aanstel wat visionêre leierskap en strategiese denke sal toon met 'n vermoë om planne suksesvol uit te voer. Daarbenewens moet die Dekaan 'n sterk akademiese rekord hê, insluitend 'n doktorsgraad en sterk bande met die bedrywe wat graduandi van die Fakulteit in diens neem. Die Dekaan word bygestaan deur twee Adjunkdekane, Hoofde van akademiese Departemente, 'n Fakulteitsbestuurder en bykomende ondersteuningspersoneel.

**Vir meer inligting oor die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, besoek: www.up.ac.za/nlw**

Die pos van Professor en Dekaan in die Fakulteit sal vanaf 1 Maart 2015 vakant wees en toepaslike gekwalifiseerde persone word genooi om aansoek te doen.

**Pligte:** Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees om die etos, visie en missie van die Fakulteit te belyn met dié van die Universiteit in die konteks van die breër proses van transformasie van die instelling en die hoër onderwyslandskap. Sy of hy moet in staat wees om sterk akademiese leierskap te toon, navorsing te bevorder en 'n omgewing in die Fakulteit te skep wat bevorderlik is vir navorsingsaktiwiteite. Daar sal van die Dekaan verwag word om die Fakulteit te bemark, om fondswerwing te doen en om vennootskappe te sluit met streeks, nasionale en internasionale en ander akademiese instellings, navorsingsorganisasies, finansiële, kommersiële en besigheidseenhede, die regering en die gemeenskap.

**Minimum vereistes:** • 'n Toepaslike doktorsgraad in Natuur- en Landbouwetenskappe • 'n Gevestigde rekord van navorsingsuitsette en toesighouding oor nagraadse studente • Vermoë om die Fakulteit te lei en om akademiese leierskap te neem • Sterk leierseienskappe, goeie interpersoonlike vaardighede en toewyding tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap • Uitnemende kommunikasie- en toepaslike taalvaardighede • Bewese navorsingsvermoëns en vermoë om 'n omgewing te skep waarin navorsingsaktiwiteite ondersteun word en kan floreer • Bewese bestuurvaardighede en –ervaring, insluitend kennis en ervaring van finansies, menslike hulpbronne en bemarking, verkieslik in 'n universiteitskonteks.

**Aanbevelings:** • Ervaring in 'n bestuurskapasiteit aan 'n hoër onderwysinstelling sal as baie sterk aanbeveling dien.

---

**Die Dekaan word aangestel vir 'n termyn van vier (4) jaar maar eksterne kandidate sal ook oorweeg word vir permanente akademiese aanstelling in 'n toepaslike akademiese departement in die Universiteit.**

Die Regulasie en Prosedure vir die Aanstelling van Dekane en Adjunkdekane is beskikbaar op die UP-webwerf by **www.up.ac.za.** Kliek op die Careers@UP-koppeling (Koppeling: Aanstellingsregulasie vir Dekane en Adjunkdekane, Rt20/11). Deur aansoek te doen, gee die aansoekers toestemming om deel te neem aan die aanstellingsproses soos in die regulasie aangedui.

Daar sal van aansoekers wat op die kortlys geplaas word, verwag word om 'n kort aanbieding aan die Fakulteitsraad te doen oor hulle visie vir die Fakulteit.

**Vir verdere inligting, kontak asseblief professor N Duncan, Viserektor: Akademies by +27 (0)12 420-4187.**

**Aansoeke moet vergesel word deur die volgende ondersteunende dokumentasie:** • 'n Volle curriculum vitae • 'n Verkorte curriculum vitae • 'n Selfevaluering deur die aansoeker oor sy/haar geskiktheid vir aanstelling in die pos • Die aansoeker se visie vir die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe in beide nasionale en internasionale konteks • Die name en kontakbesonderhede van ten minste drie (3) referente wat oor die kandidaat se akademiese statuur en leierskapeienskappe kan getuig. Aansoekers moet kennis neem dat die Universiteit sy eie referente kan aanstel en raadpleeg.

**SLUITINGSDATUM:** 31 OKTOBER 2014

**OM ANSOEK TE DOEN:** Alle aansoeke moet elektronies ingedien word deur die Careers@UP-skakel op die Universiteit se webwerf: www.up.ac.za . Alle ondersteunende dokumente soos bo gelys moet elektronies aan die aansoek geheg word. **Alle aansoeke moet ingedien word nie later nie as om 12:00 op 31 Oktober 2014.**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**www.up.ac.za skakel: Careers@UP**

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

SSRA 101856

30X5
RAPPORT